# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -42/2024 –February 2024*

## FEEDEM

**Vanaf 1 Maart begin Feedem se kombuis kontrak formeel.**

1. Die kombuis Kantoor sal vir u gerief 5 dae per week (Weeksdae) oop wees vanaf **08:00 tot 16:00.**

2. Die Kiosk en Koffie Villa sal 7 dae per week oop wees vanaf **08:00 tot 17:00.**

3. Feedem funksioneer kontantloos. Slegs kaarte sal aanvaar word in koffiewinkel en kiosk. Die enigste kontant sal by hul kantoor tydens kantoor-ure aanvaar word en dit sal dan op u "Taggie" geplaas word sodat u by die kiosk en koffiewinkel ook kan betaal met u "taggie". Natuurlik ook met u bankkaart.

4. Aflewering van etes sal geskied tussen **11:30 en 14:00**. *R5 per aflewering per eenheid* tensy vrygestel met brief van Ina of Andrea (Susters by Kliniek en Sorgsentrum)

5. ***Afhaal van etes is stiptelik tussen 11:00 en 11:45. Dit is baie ontwrigtend as u kom afhaal terwyl etes bedien word in die eetsaal. HOOGS UITSONDERLIKE GEVALLE SAL SOVER MOONTLIK GEHELP WORD, maar wees gereed dat u geduld moontlik beproef sal word.!!!!***

6. *Etes wat u wil kanselleer, moet voor **11:00** die vorige dag gedoen word, Maandag tot Vrydag.*

7. *Kansellasies van etes op 'n Sondag of Maandag kan by die koffie winkel (op die voorafgaande Saterdag of Sondag, voor **11:00)** gedoen word.*

8. Hulle voorsien ook heerlike "platters" vir funksies soos verjaarsdae, danse en kuiers. Kontak hulle asb. Die pryse en gehalte is goed.

9. 
   * Etenstye in die eetsaal is van **11:45 tot 12:45** Maandae, Dinsdae, Donderdae en Saterdae.
   * Woensdae, Vrydae en Sondae is daar twee sessies. Eerste sessie is van **11:45 tot 12:45.** Daarna moet die eetsaal weer gereed gemaak word vir die volgende sessie, wat van **13:00 tot 14:00.**
   **HOU BY HIERDIE TYE ASSEBLIEF.**

10. Etes wat in die yskas in die eetsaal geplaas word, moet verkieslik dieselfde dag gehaal word maar beslis voor 08:00 die volgende oggend. Vir gesondheidsredes word dit dan verwyder.

11. As u ete nie afgelewer is nie teen 14:00 nie, reapporteer dit asb. dadelik. Ure of selfs 'n dag later is TE LAAT. Indien aflewering geskied as u nie tuis is nie, maak seker die houer is duidelik vir ete aflewering. Maak seker dit staan nie in die son nie. Die kombuis is nie verantwoordelik vir kos wat ure buite en/of in die son gestaan het nie.

12. Elke inwoner is verantwoordelik om self sy etes te bestel of te reël dat kinders, vriende bure of ander vir jou bestel. Die kombuis is NIE verantwoordelik om oorsese oproepe te maak na kinders of familie nie.

13. As u ’n probleem of reëling met die kombuis gemaak het en dis nie nagekom nie, rapporteer so spoedig moontlik. Maak seker dat u die tyd en veral die naam van die betrokke persoon, met wie die reëling getref is, het.

## SLEUTELS

Ondanks voortdurende waarskuwings gebeur dit steeds dat daar by inwoners ingebreek moet word. Dit kos **meestal trane, frustrasie en geld.**

U moet tog seker maak dat daar ‘n spaarsleutel van u voordeur en veiligheidshek by die sorgsentrum ingehandig is. Maak seker dat die sleutels die HUIDIGE slotte se sleutels is.

## WATERBEPERKINGS

Beperkings is steeds van krag en inwoners kan slegs van **18:00 tot 06:00** tuine met **tuinslang in die hand natspuit.**

Geen sproeiers mag gebruik word nie en plaveisel mag ook nie afgespuit word nie.


Voertuie moet met ‘n emmer gewas word. Die enigste spesiale toegewing is dat ons nie tot **<u>09:00 soggens en na 16:00 in die middae</u>** namens die munisipaliteit teen u sal optree nie, dit geld slegs ten opsigte van **tuinnatmaak met tuinslang in u hand. Hierdie uitsondering geld nie vir motors was, plaveisel afspuit, of sproeiers nie.**

**Kwotasies word tans ingewin vir die benutting van boorgat water vir tuindoeleindes, eerste fase na die Noorde langs Oostelike muur en tot Kiepersol Park en sypaadjie asook vir Roland park by die brug.**

## BLOKLEIERS

Die beplanning vir ‘n stelsel van blokleiers om kommunikasie verder te verbeter vorder tans.

Hierby ingesluit ‘n kaart wat dit illustreer. Elke huisarea en woonstelarea sal sy eie blokleier kan aanwys




# WOONSTELLE

**Blokleiers per woonstelblok is tans soos volg.**

**Blok A1 Magda Nel 2209**
**Blok A2**
**Blok A3**
**Blok B Poppie Snyman Pretorius 3009**
**Blok C Poppie Botha 4309**
**Blok D Elize Jacobsz 5110**

# HUISE

**<u>Blokleier per AREA Elke area kies sy leier.</u>**

| | |
|---|---|
| **Huise 3A** | **Huise 3B** |
| **Huise 1C** | **Huise 1D** |
| **Huise 2E** | **Huise 2F** |

**Die versoek is dat elke gebied sy blokleier sal verkies voor of op 31 Maar 2024. Gee daardie inligting deur aan die kantoor asb. Daarna sal vergadering gereël word en detail bespreek word.**

## KLEREDRAG

Ons oord het geen voorskrifte ten opsigte van kleredrag nie. Dis beperk tot “**jy moet klere aanhê**”.

## VERSEKERINGSEISE TOV LITHIUM BATTERYE

Daar is klaarblyklik brandblussers wat geskik is vir lithium batterye.
Twee verskaffers beweer hulle het die regtes. Detail by kantoor beskikbaar. Die waarborg sal van verskaffers verkry moet word. Die oord gee slegs die inligting deur.

## BALKONNE

Daar is steeds **allerlei blompotte en ander items op die muurtjies van balkonne**. Dit is uiters gevaarlik. Net ’n stamp met ’n elmboog of ’n rukwind kan baie ernstge gevolge hê vir mense daaronder. Die betrokke inwoner sal finansiëel verantwoordelik wees. Dit kan dramaties ernstig wees!

## PARKERING OP GEMEENSKAPLIKE PARKEERPLEKKE

Hierdie parkeerplekke is ten alle tye beskikbaar vir besoekers aan die oord. Dis nie vir die eksklusiewe gebruik van bepaalde inwoners nie.

## VOER VAN DUIWE

Daar was hierdie afgelope maand weer twee inwoners wat waarskuwings in die verband ontvang het. Moenie die duiwe of voëls voer nie. Dit kan u duur te staan kom.

## SEKURITEITS KANTOOR BY INGANG

Die kantoor en ook die ablusiegeriewe langsaan word tans herstel en verbeter. Meer kaste, kragproppe en ligte weg van die waghuisie in spesifieke ruimtes ingerig vir tuin en sekuriteits personeel as eetplekke.
Daar sal ook rakke wees en ’n wastrog. Dit sluit ook die geriewe in vir die tuinkontrakteur se werkers.
Dis die eerste fase van verdere verbeterings wat vir hierdie jaar voorsien sal word.

## OPEDAG: SORGSENTRUM

Vroeg in Maart sal daar weer ’n opedag gehou word. Moenie die geleenthede mis nie. Jou vrees om in die sorgsentrum te beland sal dramaties verminder. Datum sal aangekondig word.

## HOUTPAALTJIE (PICKETS)

Alle houtpaaltjies sal sistematies vervang word met die plastiese soort. Meer duursaam, minder onderhoud en goedloper. Daar sal tydelike vervangings plaasvind met houtpaaltjies (goeie toestand) in sekere omstandighede. Ons beplan egter dat as ’n huis pastiekpaaltjies kry sal alles by daardie huis plastiekpaaltjies word. Ons gaan nie plastiek en hout meng nie.
As u self addisioneel wil installeer (onderhewig aan goedkeuring) sal dit slegs vir plastiekpaaltjies mag wees.

## BUS UITSTAPPIES

Baie dankie aan Stoffel v Zyl wat die geleenthede skep vir ons inwoners. Daar is glo reeds weer een in die pyplyn. Dis Stoffel se projek. Dis baie suksesvol. Ondersteun hierdie wonderlike saak.

***Ondersteun die koffiewinkel, Dinsdag-mark, haarsalon, rolbal, mandjiedanse, eetsaal, braaigeriewe, maandmarkte, uitstallers, sorgsentrum, skoonheidsalon, kaas en wyn funksies, sop-en-sjerrie aande, gaskunstenaarsaande, kerkdienste, biblioteek, bybelstudies, kaartspeletjies, bingo, feeste, rummikub, tuindienste, skoonmaakdienste, tuisversorging, medikasie beheer, kliniek, kiosk, lyndans, trimgim, Dokter, oordsuster, wassery, straatbraaie, facebook, <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***

Bougain Villa
aftree-oord retirement village

**BELANGRIKE NOMMERS**

| | | |
|---|---|---|
| Ambulans | | 086 011 2911 |
| Sorgsentrum | | 7022/1130 |
| Suster Ina | | 7025 |
| Oordsuster / Kliniek | | 1127 / 066 359 5753 |
| Hoofhek | | 6363 / 1126 |
| Oordbestuurder | | 7003 |
| Koffiewinkel | | 7029 |
| Kiosk | | 7024 |
| Kombuis Ontvangs | | 7018 |
| Skoonheidsalon | | 7005 / 084 952 0671 |
| Haarsalon | | 7019 |
| Ontvangs | | 9 / 7001 / 7002 |
| Herstelwerk (Frik & Amos) | | 1128 / 064 812 0093 |
| Wassery | | 7021 |
| DSTV-Klub | Susan | 6107 / 082 789 2141 |
| | Bertus | 6073 |
| Fisio-Terapeut | Andrea | 082 556 8121 |
| Tuine / Skoonmaak | | 060 779 4997 |
| Loodgieter | | 071 716 2252 SHAUN<br>071 194 2153 GERRIE |
| Elektrisiën | | 083 225 0229 |
| MetroFibre | | 087 151 4000 |